# ONDER DIE POSKLIP




**Mense wat die minste dink praat die meeste.**

**- Montesquieu**

Een van die heel belangrikste aspekte van die onderrig van Geskiedenis is om die leerlinge te leer wat die verskil is tussen feite en menings. Feite kan nie teengespreek of verwerp word nie!

**Menings:**

Dit is die taak van die onderwyser om te help bepaal of daar enige waarheid in dié mening opgesluit lê.

Die redaksie het daarom besluit om 'n rubriek in die lewe te roep om oor minder en meer ernstige vakdidaktiese sake, feite en menings aan u deur te gee. U sal moet besluit wat feite, en wat menings is. Verder sal ons dit verwelkom as u self mening en/of feite vir bespreking na ons deurstuur!

## EKSAMEN EN EVALUERINGS-OOGKLAPPE

(Net vir Sekondêre Onderwysers!)

Onderrig van Geskiedenis word in die meeste Sekondêre Skole slegs aangebied om goeie eksamenuitslae te kry. Dit is die mening van talle kinders wat dié onderrig beleef het.

Vakvergaderings, byeenkomste by Onderwyssentrums en sekerlik selfs studiekomiteevergaderings handel hoofsaaklik oor vraestelle, memorandums en ander baie belangrike "geskiedenisaangeleenthede" wat gekoppel is aan evaluering. Sake soos veral aanbiedingsmetodes en vakvaardighede word as oorbodig beskou, (of die onderwysers ag dit dat hulle so goed daarin onderleg is dat hulle nie nodig het om opgeskerp te word nie!) en dit word gevolglik oor die hoof gesien.

Soms wil dit voorkom of eksamen die alfa en die omega van geskiedenisonderrig in die sekondêre skole geword het. Talle skoolverlaters onderstreep juis dié rede vir die afkeur wat hulle in die vak het. Vir die onderwysers bestaan die vak se doelstellings nie. Eksaminatore doen lustig mee deur nie dié doelstellings en hul uitkomste te toets nie. Hulle maak liewer seker dat die leerlinge darem al die kosbare feite kan weergee. Gemiddeldes is die wagwoord om te help dat die provinsiale "kurwes" die vak aan die lewe moet hou!

As evaluering dan so 'n "probleem" is, sou ek graag wou sien wat in die klaskamers aangaan. Daar bestaan mos 'n baie sterk verband tussen onderrig en die evaluering van die onderrig? In dié verband is dit tog sekerlik relevant om te vra of dit nog so is dat nie altyd die bes opgeleide of bekwame onderwysers die st. sessers en sewes "voorberei" vir die senior fase nie. Dit sal nogal 'n groot invloed op bogenoemde argumente kan hê.

Die sekondêre leerlinge was egter gedurende die eerste fase van hul skoollewe blootgestel aan 'n ander manier van Geskiedenisonderrig. Sekerlik die belangrikste verskil wat dié leerlinge belewe, is die feit dat daar glad nie 'n oordrewe klem op eindevaluering in die primêre fase is nie.

Die laerskoolkollegas (veral in Kaapland) het reeds die voortou geneem om historiese vaardighede by leerlinge te ontwikkel wat hulle leer hoe om die verlede te beleef.

Uit ondersoeke blyk dit dat die meeste leerlinge eers die konkrete denkvlak na hul twaalfde jaar bereik. Dit beteken dat hulle jare in die primêre skool vir die meeste leerlinge 'n oorgang vanaf Piaget se pre-operasionele denke na die konkrete stadium is. Konkrete denke oor die Geskiedenis begin eers by leerlinge as hulle na die sekondêre skool moet gaan, en dan blootgestel moet word aan al die genoemde klem en evaluering. Die meeste skrywers beklemtoon dit dat Geskiedenis 'n besondere en moeilike vak is vir leerlinge voor standerd vier.

Trouens, Geskiedenis is meesal 'n vak of studieterrein vir volwassenes. Die jong kind word gekonfronteer met morele dilemmas en gevolgtrekkings, motiewe en ideale van volwassenes van die verlede wat selfs vir die mees intelligente volwassene van vandag problematies sal wees. Dit kom daarop neer dat die jong kind te make kry met 'n "omgewing" wat die innerlike motiewe van volwassenes insluit, en wat waarskynlik in 'n ander eeu geleef het - 'n eeu of eeue wat aansienlik van die twintigste eeu verskil. Die plek van die gebeure, maar ook die denke wat in die gebeure neerslag vind, is in verreweg die meeste gevalle geheel en al buite die jong kind se leef- en betekeniswêreld.

Die kollegas in die laerskool kry dit met die nuwe vaardigheidsmodel van onderrig reg om dié probleme uit die verlede nog steeds vir die kleingoed te laat leef. Dit is mos juis een van die belangrikste doelstellings in die onderrig van Geskiedenis, nl. die betekenisvolle herskepping van die verlede. Dit bly altyd die grondslag vir historiese denke.

Alle onderwysers (veral die sekondêre geskiedenisonderwysers!) moet besef dat die kriterium vir vordering in Geskiedenis nie gelyk is aan die hoeveelheid feitlike inligting verkry nie, maar watter verbeteringe daar was in die peil van die leerlinge se historiese denke.

"Selfoorwinning is die grootste van alle oorwinnings"

- Plato

Kom ons haal alle oogklappe af en laat Geskiedenis leef!

---

# KONTROVERSIE

---

Kontroversie is een van Geskiedenis se groot bates. As onderwyser wat beide Wiskunde en Geskiedenis onderrig het, het ek dikwels gewens ek kon in die Wiskunde iets kontroversieels kry om die leerlinge se aandag te boei en hulle denke te prikkel. In die Geskiedenisklas was omstredenheid - en stryery - aan die orde van die dag. Stimulerende debatte en argumente het die leerlinge betrokke gemaak en ek kon my Wiskunde-leerlinge oortuig: Geskiedenis is tydloos.

Dr Pierre Edwards in sy referaat op die FAK se Geskiedenissimposium, 21 Augustus 1992.

---